DISKUSSIE

1. *Dr. G. P. L. van der Linde* van *Bloemfontein* vra na aanleiding van die vraag: *„Mag die kerk skeur?"* deur J. H. van Wyk, „In die Skriflig", jaargang 5, no. 17, Maart 1971:

1 *Vyf vrae om meer helderheid in hierdie „diskussie" te kry:*

1.1 Het die vraag „Mag die kerk skeur?", in die konteks van die inleiding tot *'n diskussie"* (pp. 48 e.v. 1 d.S., Maart 1971) nie as agtergrond *'n valse* en *onware* uitgangspunt (sien 1.1 en 1.2) sodat met 'n valse probleem geworstel word nie?

1.2. Verbloem die valse probleemstelling — ek aanvaar sonder opset van die skrywer — nie bedenkinge teen minstens 'n deel van artikel 29 N.G.B. nie? (Kyk 1.1, 1.2 en 1.3).

1.3. Het die valse probleemstelling nie die noodwendige gevolg dat 'n streep deur die bestaansreg van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika getrek word nie? Sagter gestel: word die bestaansreg van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika nie uiters twyfelagtig bejeën nie? (Kyk 2.3 en veral 3.2 middel p. 56 en die „slot" p. 60).

1.4 Is die valse probleemstelling nie 'n eensydige oorbeklemtoning van die ekumeniese ideaal nie? En word die eensydigheid nie geïnspireer deur die nuwe teologie nie?

1.5. Het die skrywer sy vrae en diskussiemetode getoets aan sy onderneming dat hy „die voornoemde leer naarstiglik sal leer en getrouelik *verdedig* sonder om iets teen dieselfde leer, hetsy openlik of in die geheim, direk of indirek, te leer of te skrywe"? (Kyk veral 4.1 en 4.2). (Hierby kan gevoeg word — hoewel nie op die selfde vlak nie — die skrywer se houding ten opsigte van sinodale uitsprake in die lig van Art. 31 K.O Kyk veral verwysing 1 waarin skrywer hierdie opstel „voorgedra het op 'n interkerklike *samespreking*, Johannesburg, 8 Junie 1970", terwyl die sinode van Jan.-Feb. 1970 reeds 'n besluit geneem het dat hierdie soort samesprekings op plaaslike vlak gestaak moet word. Vergelyk verder verwysing 48 (a) waarin genoemde besluit rustig opsy gesit word deur 'n krasse veroordeling daarvan).

2. Toeligting

2.1 ad 1.1. Reeds uit die motivering van sy uitgangspunt dat dit „die tradisionele Geref. standpunt" is „dat *kerkskeuring* soms plig kan wees" blyk die valse probleemstelling.

In 1.1. en 1.2. motiveer Van Wyk sy uitgangspunt met aanhalings waarin dit vanuit Art. 29 gaan om die *reg en plig tot afskeiding*. Om hierdie opvattings van dogmatici en van die Sinodes van 1967 en 1970 as 'n *legitimering* van *Kerkskeuring* op te werp, is *'n valse* en *onware voorstelling van sake*. Verder, waar vind ds. Van Wyk anders die tradisionele gereformeerde standpunt oor *„kerkskeuring"*? Ek was nog altyd van gedagte dat Art. 29 N.G.B. die tradisionele Gereformeerde standpunt in die verband stel en die artikel wettig

kerkskeuring nêrens, inteendeel, dit veroordeel *kerkskeuring*.

Wat in die loop van die tyd insake die pluriformiteit en die pluraliteit van die kerk deur teoloë geskryf is na aanleiding van die *werklikheid* van die *verskeurdheid* van die kerk in die *sondebedeling*, kan tog nie kategories tot „die tradisionele gereformeerde standpunt" verhef word nie — net so min as wat die skrywe van ds. Van Wyk nou as die tradisionele gereformeerde standpunt kan kwalifiseer.

2.2. ad 1.2. Waar vanuit 'n valse en onware uitgangspunt „gediskusseer" word — al is dit vragenderwys — is dit tog duidelik uit 1.1. en 1.2. en tot groot mate ook uit 1.3. dat ds. Van Wyk *dit ook het teen die reg en plig tot afskeiding*. En waar hy dié *reg* en *plig* tot afskeiding *bevraagteken*, lei dit noodwendig tot bedenkinge teen Art. 29 N.G.B. Die „diskussie" oor *kerkskeuring*, wat eintlik vragendewyse 'n *posisiekeuse teen die tradisionele gereformeerde standpunt is*, word dan enersyds 'n geveg teen windmeulens en andersyds verbloem dit ernstige bedenkinge teen die Belydenis, sodat onder andere H. Volten in sy relativering van die belydenisskrifte (4.1.) bygeval word.

2.3. ad 1.3.: Uit 2.3. en veral 2.6. en 3.2. kan ek geen ander konklusie trek as dat die *ontstaan* van die *Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika* volgens Van Wyk, *sonde is* en die *voortbestaan* daarvan 'n *verharding in die sonde is nie*. Hierdie beskouing rus myns insiens op 'n baie gebrekkige kennis van en/of insig in die kerkgeskiedenis. Net die insinuasie dat ons dalk in die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika met 'n „Postma-kerk" en 'n „figure kerk" te doen het, laat my 'n vraagteken agter ds. Van Wyk se historiese insig plaas. Kyk 2.3. en pt. 4 oor die Geref. Kerk.

2.4. ad 1.4.: Vir my aanvoeling is die ekumeniese ideaal die grondliggende dryfveer agter hierdie „diskussie" en kon selfs onbewus die valse probleemstelling veroorsaak het. Ek verwys na die oorheersende ekumeniese motief agter die „enkele noodsaaklike vrae" 2.1—6. Nog sterker kom dit na vore in 3.2. en punt 4. en 4.1, 2. en 3. Gesien teen die agtergrond van die valse probleemstelling wek die vraag of „daar nie tóg sprake kan wees van 'n genuanseerde kerk nie . . ." in verband met 4.1. en 4.2. en 3, die teenvraag op óf daar nie te veel gewig toegeken word aan die ekumeniese strewe van die nuwe teoloë veral in Nederland nie? Met die werklikheid dat die finale koms van die Koninkryk van God geen mensewerk is nie en dat die koninkryk tans sigbaar is net insoverre Christus dié wat die Vader aan Hom gegee het, vergader en aan Hom onderwerp deur Sy Gees en Woord, terwyl die bose en sy kinders hierdie voorlopige openbaring van die Koninkryk met alle geweld wil verhoed of tot 'n skouspel wil maak, word nie ernstig rekening gehou nie. Die nuwe teologie ontneem die Koninkryk van die hemele sy „jenseitige" karakter en lê klem op die „diesseitige" realisering van die Koninkryk van die hemele deur die mense. Gevolg is dat die „Godsvolk" ten alle koste, *ook ten koste van die*

waarheid, saam gesnoer moet word as 'n eenheid, anders het die Koninkrykspredikinq geen sin in die wêreld nie.

Die vermoede dat daar iets van hierdie valse koninkryksbegrip deurwerk in ds. Van Wyk se „diskussie" kan ek nie afskud nie. Anders hoe moet mens in die lig van die hele „opstel" die volgende sinsnede verstaan: „Ons moet ons kinders help om — *ook sonder konsentrasiekampe* (kursivering van my) — die jaar 2000 binne te gaan as die een onverdeelde Godsvolk"?

Die koppeling aan die valse Koninkryksbegrip lyk nog sterker as hy verklaar dat hy op soek is na 'n *ander weg* „as wat in die nareformatoriese ekklesiologie die geval was: 'n Weg terug na die *Reformasie* of beter: terug na die *Skrif* en na *Christus*. En 'n weg vorentoe: na die onbelemmerde en glorieryke koms van die Koninkryk van God". Is die koms van die Koninkryk dan afhanklik van die realisering van die nuwe teologie se ekumeniese ideaal? Loop die ideaal nie eerder uit op die „antikerk" van die valse profeet nie?

2.5. ad 1.5. Kragtens die plegtige onderneming in die ondertekeningsformulier erken die bedienaar van die Woord dit as sy eerste plig om die suiwere leer te *handhaaf* en te *verdedig*. Hierdie onderneming *word nie nagekom as gediskusseer word oor allerlei probleme wat mense, wat die leer twyfelagtig stel, opwerp nie. Die onderneming word ook nie nagekom wanneer in die openbaar gepieker word oor vrae wat deur die teenstander, die Satan, in hierdie sondebedeling in die sondige mens verwek word oor die juistheid van die leer nie.*

Ek bedoel nie dat nie eerlik met vrae geworstel moet word nie. Die probleme wat opgewerk word, mag die suiwere leer egter nie ondermyn nie en dwalinge nie so „gehonoreer" word dat verwarring in die kerk gestig word nie. In elk geval mag 'n bedienaar van die Woord nie so skryf of „diskusseer" dat *direk of indirek vraagtekens agter die „tradisionele gereformeerde standpunt", d.i. die Belydenisskrifte, gestel kan word nie*. Tewens die „diskussie"-metode is deur die remonstrante aangegryp en deur die Dordtse Sinode afgewys. Die nuwe teoloë in Nederland is egter toegelaat om met die metode eers twyfel te saai en daarna om direk standpunt teen die gereformeerde leer in te neem. Die gevolg is dat die Sinode van Sneek (1969—70) magteloos was om die dwaalleer te stuit en die bindingskrag van die belydenisskrifte te handhaaf.

Hierdie onsalige weg mag nie opgegaan word met die „diskussie"-metode, wat ook deur ds. Van Wyk aangewend word, asof ons nou skielik eers weer die weg na die Skrif en Christus van vooraf moet vind nie.

„In die Skriflig" moet ook nie oopgestel word vir die soort „diskussies" nie. Ons taak is om die aangenome leer te *verdedig* en nie om ons *kragte te verspil met die soek van ander weë as dié waarop ons ons bevind ooreenkomstig die Skrif nie*. Eers as langs die *kerklike weg bewys is* — en die bewyslas het elke ondertekenaar

van die bevestigingsformulier op homself geneem — dat ons „tradisionele gereformeerde standpunt" en die weg waarop ons as gereformeerdes is, vals is, kan daar sprake wees van 'n wysiging van standpunt en 'n nuwe weg.

2. *Prof. D. C. S. van der Merwe skryf oor die artikel van ds. J. H. van Wyk: Mag die kerk skeur?, soos volg:*

1. Dit is baie goed en hoogs noodsaaklik dat ons as gereformeerde predikante en teoloë geleentheid en plek moet hê om dringende sake deeglik en duidelik te diskusseer, afgesien van noodsaaklike en nuttige besprekinge wat in kerklike vergaderinge en elders plaasvind. Ons dank aan die redaksie van „In die Skriflig" vir die mooi geleentheid wat ons gebied word. Ons dank en waardering ook aan ds. J. H. van Wyk vir die belangrike en waardevolle stuk: „*Mag die kerk skeur?*" in die vorige uitgawe van ons blad.

As ons egter wil verhoed dat hierdie waardevolle saak van diskussie in die kloue van Satan verval en dan verword tot verwarrende en afbrekende propaganda, sal ons baie wakker moet loop en ten minste twee dinge baie sterk moet vashou. Ons moet, soos Jesus Christus gesê het, opreg wees soos die duif en versigtig soos die slang. Ons moet opreg vashou aan en uitgaan van ons band aan die kerk, soos vasgelê in die *ondertekeningsformulier* van predikante en professore, wat eintlik maar dieselfde is as die *belydenis* wat ons as lidmaat in die kerk afgelê het. Verder moet ons versigtig wees in die gebruik van woorde en die uitspreek van gedagtes; ons moet probeer om *waaragtig* wetenskaplik te wees, d.w.s. onpartydig, eerlik en baie noukeurig. Ons is besig met heilige dinge en nie met kapokhaangevegte of professionele stoeiwedstryde nie.

2. Waar ons nou in (3) en (4) 'n aantal punte aanhaal ten opsigte van bg. twee sake, bedoel ons dit nie ten koste van die skrywer nie, maar ter illustrasie. Ds. Van Wyk is in elk geval nie die eerste en enigste wat sommige van die dinge gesê het nie. Daar is ook baie wat so dink sonder om die moed te hê om dit te sê. Onder (5) probeer ons kortliks die positiewe en waardevolle van sy stuk op te som.

3. *Binding aan Skrif, Belydenis, Kerkorde, ensomeer*

Ons besef baie goed dat die binding aan die Skrif uniek en finaal is en dat die ander bindinge in aard en graad verskil. Ons aanvaar ook ten volle dat slegs die Skrif onfeilbaar is, maar wil beklemtoon dat daar *wettige* weë vir moontlike korreksie van die ander binding is, elk na sy aard getoets aan die Skrif. Deur ons aflê van belydenis en ondertekening van formuliere by ampsaanvaarding, bind ons ons elkeen persoonlik om op die regte manier en regte plek moontlike besware in te dien en te verantwoord. „En as dit dan gebeur dat ons later enige bedenkings of ander gevoele teen hierdie leer kry, *beloof ons om dit nie, hetsy openlik of in die geheim in die prediking of in geskrif, bekend te maak*, te leef of te verdedig

nie, maar dit eers . . ." (ek kursiveer).

Ds. Van Wyk handhaaf ons Gereformeerde Belydenis stilswyend, maar wek tog meer as een keer die indruk dat daar ergens fout is, nl. dat bv. die Drie Formuliere van Enigheid in die pad staan van kerklike eenheid, terwyl dit juis die basis is waarop ons kerk in sy openlike verklaring die eenheid soek. Hy haal getuies aan, wat wel besware het, maar weerspreek hulle nie, al sê hy ook nie uitdruklik dat hy met hulle saamstem nie. Hy bou 'n sekere stemming op, waardeur sy artikel maklik indirekte propaganda word, wat nie meer eerlike diskussie is nie. (Vgl. p. 58 in verband met belydenisreduksie of -konsentrasie, noot 60, veral sy opmerking oor „Gereformeerde Godsdiens" in art. 61 K.O., en ook note 48 en 79).

Is dit nie sy plig om die „diskrepansie tussen Heidelbergse Kategismus en Dordtse kerkorde" (noot 47) onder aandag van sy kerkraad en klassis te bring nie? Die Kerkorde word wel nie by name genoem in die ondertekeningsformulier nie, hoewel lg. juis daarop berus. Keer op keer skep ds. Van Wyk as 't ware stemming teen die Kerkorde en word die Skriftuurlikheid daarvan in twyfelagtige lig gestel, asook daarmee saam die hele bestaansreg van sy eie kerk. (Vgl. die tweede laaste paragraaf op p. 56, par. 4.2 op p. 59, en note 32, 65, 67).

Is dit nie meer korrek om besware teen 'n sinodebesluit op die wettige manier aanhangig te maak nie, as om dit te doen soos in noot 48a? Is dit reg en stigtelik om iets „sonder om 'n pleidooi" hetsy daarvoor of daarteen te lewer soos in noot 32 te noem? Grens dit nie aan suggestiewe propaganda nie?

4. *Wetenskaplikheid*

'n Mens moet getrou wees aan wat jyself bely en onderteken het (tensy jy op die regte plek en wyse bewys het dat dit onskriftuurlik is). Net so moet jy in jou wetenskaplike betoog getrou wees aan jou eie woorde en gedagtes en waak teen verwarring van begrippe en terme. (Helder en duidelik stel dr. L. F. Schulze in sy stuk *„Die filosofiese Filter"* aan die begin presies wat hy met 'n filter bedoel.)

Kerkskeuring. Net deur die titel van sy stuk, gee ds. Van Wyk al kant en klaar uitspraak in die diskussie waarin hy „huiwerend en tastend" 'n nuwe weg „soek" (p. 60). Die woord „skeur" dra in homself, kerklik-histories asook konfessioneel, ten volle 'n negatiewe waardeoordeel. As Afskeiding, Doleansie en uitsetting alles dan verder onder die negatiewe noemer „Skeuring" behandel word, het ons nie meer 'n eerlike diskussie nie, maar word ekstra, agterna-bewyse en getuies vir 'n reeds ingenome standpunt aangevoer, m.a.w. dit kom neer op propaganda. Net soos wat daar verskillende maniere is om iemand dood te maak (moord, doodslag, doodstraf, ens.) so is daar verskillende maniere waardeur die eenheid van die Kerk van Christus verbreek kan word. Indien ek uit die staanspoor beweer dat dit moord is om die doodstraf te voltrek, het ek oor die doodstraf 'n oordeel gevel. So vel die woord „skeuring" 'n oordeel oor elke

verbreking van 'n kerklike eenheid, terwyl dit nie wetenskaplik omskryf is nie.

Simplisties. Die woord *skeuring* word in sterk-afkeurende sin gebruik (bv. aan die einde van die oorloopparagraaf op p. 49, en ook aan die einde van die oorloopparagraaf op p. 53). Tog redeneer ds. Van Wyk heel „simplisties" in verskeie gevalle. (Met simplisties bedoel ons *eensydig, oor-vereenvoudigend,* d.w.s. die veelheid van ware aspekte en dimensies van 'n ingewikkelde saak, word blindelings vereenvoudig tot 'n paar). Ons noem as voorbeelde (par. 2.1 en 2.2) waar één Christus en één Gees eenvoudig op hierdie sondige aarde moet lei tot één kerklike instituut (p. 51); waar gelowiges ident gestel word aan kerk en andersom (volgens art. 27 van die N.G.B.) sonder om in aanmerking te neem wat art. 29 sê in verband met huigelaars *in* die kerk.

Kerkbegrip: Hierdie simplisisme word des te gevaarliker en des te meer verwarrend as dit vergesel word van 'n meersinnige gebruik van die woord kerk. Die ou onderskeidinge en terme, wat by baie uit die mode geraak het, sou hier miskien kon help. Ek dink hier aan sigbare en onsigbare kerk, instituut en organisme. Ons kan hierdie terme weggooi, maar sal nooit uitkom, *d.w.s. as ons volgens die Bybel wil bly dink,* sonder ander terme dan wat hierdie Bybelse onderskeidinge duidelik afbaken nie.

5. Ons waardeer en bewonder ds. Van Wyk se belesenheid en meen dat hy vir ons almal 'n baie navolgenswaardige voorbeeld stel. Tog kan ons die gedagte nie afskud nie dat hy ten minste in sy aanhalings eensydig is. Hy bring getuies net vir die een kant van die saak in die hof en gee nie die ander 'n eweredige en regverdige kans nie.

Deur die veelheid van materiaal, wat nie kompak en netjies verwerk en geklassifiseer is nie, maak hy dit vir sy lesers nogal moeilik en ontstaan die gevaar van misverstand. Die eerste keer toe ek sy stuk gelees het, het ek geskrik en bekommerd geraak. By herhaalde lees daarvan, het my waardering toegeneem. Daarom kon ek met 'n rein gewete sê dat sy stuk belangrik en waardevol is.

Hy roep ons op die regte tyd en plek op om ons rekenskap te gee van 'n baie groot saak, wat elke dag dringender word. Hy stel dit duidelik dat die Kerk van Christus verskeurd is deur die sonde; dat dit ons plig is om vir die eenheid *te bid* en *te werk* en *te studeer;* dat die waarheid volgens die Skrif nie te vind is in kerkskeuring nie, ook nie in 'n valse eenheid nl., dié van 'n hotelkerk nie; dat ons egter 'n derde weg moet soek, in lyn met die groot Hervormers, in gehoorsaamheid aan die één Herder en onder leiding van die één Gees.

Persoonlik meen ek dat „ons" eie ou kerkie hom op die weg bevind sedert 1859 tot vandag toe. Ook meen ek dat ons nie alleen op dié pad is nie. Dat ons onsself al dikwels aan hoogmoed en eiegeregtigheid skuldig gemaak het, kan mens nie ontken nie. Dat ons veral in die afgelope jare, beide waarheid en eenheid nagestreef het en nog nastreef, is ook nie te ontkenne nie.

3. *B. Spoelstra skryf oor J. J. van der Walt: „Kerk en Kerkverband" en J. H. van Wyk: Mag die kerk skeur?", soos volg:*

Twee artikels in I.d.S. (Maart 1971) het weer eens by my tuisgebring hoe noodsaaklik dit is dat ons in die beoefening van teologie moet begin, soos by sommige wetenskappe gebruiklik is, met 'n *definisie* van wat ons met 'n bepaalde *begrip* bedoel. Ek dink dat dit veral belangrik is ten opsigte van aktuele vraagstukke, waaroor ondervinding nou al leer dat gereformeerde teoloë elders in die wêreld heen en weer bymekaar verbyklim, omdat hulle oor die takke diskusseer en nie krities rekenskap gegee het of hulle wel dieselfde begrippe met dieselfde woorde huldig nie.

1. *Die begrip kerk*

1.1 Wat bedoel J. H. van Wyk presies met die woord *Kerk*, wat hy meesal met 'n hoofletter, maar ook soms met 'n kleinletter gebruik (vgl. p. 51, veral 52, 60 ens.)? Dit is ironies dat ek die vraag aan die outeur van die uitnemende artikel *„Hoeveel kerkbegrippe is by ons in swang?"* (I.d.S., nr. 7) moet stel, maar globaal het ek die indruk gekry dat *kerk* enigiets van „Christendom" af tot die *horisontale* beskouing van „die kerk", naamlik die kerk is 'n empiriese grootheid in die tyd. 'n Mens kry selfs die indruk asof 'n beroep op ouderdom, naamlik op die eerste of oudste kerk, 'n aanspraak op die naam DIE KERK sou gee.

1.2 In verband met bostaande die vraag: Wat bedoel begrippe soos „eenheid van die kerk" (p. 52) en „eenheid in die kerk" (p. 48) en „kerklike verskeurdheid" (p. 53) en „contra-kerke" (p. 53) en „kerkgroep" (p. 50, 52, 53), en gemeente teenoor kerk (p. 53) en „eenwording van kerkgroepe" (p. 54) en „kerkontwikkeling" (p. 54) en „gestalte van kerk-wees" (p. 54) en „afgeskei van kerkgroep" (p. 54)?

Ek kon my nie ontdaan van die indruk dat hierdie begrippe willekeurig gebruik word, in aansluiting by gewone omgangstaal en by voorkeur met die *horisontale kerkorganisasie* op die voorgrond. Daarmee het die argumentasie my ook bekend geword vanuit die rigtings waarin die organisatoriese eenheid van die kollegialistiesverenigde kerk sterk op die voorgrond staan. Ek sou dus ook baie graag wou weet wat 'n *kerkskeuring* presies is. (p. 52).

1.3 Ek sou ook graag die begrip *kerkverband* (p. 50) verduidelik wou hê, omdat die begrip ook in die artikel van JJvdW sentraal voorkom. Ek glo nie die twee broeders bedoel met *kerkverband* dieselfde nie.

2. Hoe sien JHvW die situasie wanneer daar soos op die ryksdag van Worms 1521 'n krisis en konflik ontstaan, tussen vertikale verantwoordelikheid ten opsigte van die gewetensvraag om eenheid met die Woord te onderhou — en die horisontale verantwoordelikheid ten opsigte van die probleem dat dit organisatoriese verdelinge mag meebring? Hoe sien hy die praktiese situasie (rondom die vraag

mag die kerk skeur) wanneer *in die kerk* formeel gehoorsaamheid aan die Skrif geveins word, maar de facto die koningskap van die sondige mens die van Christus vervang? Wat is die posisie wanneer „die kerk" dissiplinêr optree, byvoorbeeld teenoor Luther of teenoor die „beswaardes" in die Ring van Graaff-Reinet 1841? Die Sinode van 1847? Die Algemene Kerkvergadering van 1859? (Vgl. sy aantekening 7, p. 61). Dit is konkrete vrae in 'n empiriese wetenskap soos Kerkgeskiedenis.

2. *Die begrip kerkverband*

Die heersende ekumeniese vraagstuk oor kerklike eenheid en verdeeldheid maak 'n kritiese waardering van die artikel van J. J. v. d. W. met die sentrale begrip *kerkverband* ook uiters aktueel. Die feit is dat die heersende tendens kerkeenheid as organisatoriese eenheid vertolk (Erastus — die *staat;* Liberalisme = die *algemene kerkvergadering,* vgl. De Mist en Reglement 1816; *Kollegialisme* in S.A. = die *volk, volkskerk* of Boerekerk; Harnack = die *algemene kerkpool* teenoor die plaaslike; die Wêreldraad = die *eenheid van denominasies;* die Christelike Instituut = die *eenheid van Christene* inter-denominasioneel op 'n konstitusie, ens.)

Daar is m.i. 'n snypunt in die problematiek van die artikels van J. H. v. W. en J. J. v. d. W. In die lig daarvan is laasgenoemde vir my nie altyd duidelik nie. Ek kan my met J. J. v. d. W. se prinsipiële aanloop oor *die kerk,* universeel en plaaslik, veral die konklusie in die oorloop-paragraaf (p. 23—24) vereenselwig. Daarvolgens is *kerkverband* in sy diepste wese die *eenheid in Christus* (koinonia?). Dan gaan kerkverband die instituering van die plaaslike kerk sowel as die verdere werkinge van die plaaslike kerk met ander plaaslike kerke (in bv. samekomste van meer kerkrade) *vooraf.*

2.1 Dit is egter so dat ons almal geneig is om *kerkverband* nie apriories as eienskap van die plaaslike kerk kragtens die universele kerk te beskou nie, maar dit as 'n posterioriese verskynsel *naas* en selfs *teenoor* die plaaslike kerke te sien. Hoe opereer ons nie met die *sinode* as grootheid nie. Kerkverband word verkeerdelik min of meer met sinode of meerdere vergadering of algemene kerk (H. G. Klein) vereenselwig; iets wat die ekklesia min of meer kompleet sou maak. Is dit nie wesenlik 'n probleem by J. H. v. W. nie (vgl. p. 50 v., 52 v.)?

2.1 J. J. v. d. W. handel oor „die verhouding van kerk en kerkverband" (p. 22). Ek vestig net die aandag op die feit dat *kerk* 'n baie omlynde begrip is, eerstens kragtens die konotasie van *ekklesia* in die Skrif en tweedens in die konfessie (Heid. Kat. S. 21 en S. 48; N.G.B. art. 27—29).

Wat is nou egter presies die konotasie van *kerkverband?* Wat is sy Bybelse ekwivalent? En indien daar nie 'n Bybelse ekwivalent is nie, is dit allesins moontlik om *kerk* met *kerkverband* te vergelyk, ja selfs „die verhouding" tussen die twee entiteite te bepaal, sonder

om 'n struktuur van kerkverband naas en teenoor die begrip *kerk* op te werp nie? Waarmee vergelyk 'n mens die *kerk* anders as met 'n ander kerkagtige grootheid? 'n Derde kerkbegrip?

Ek kan persoonlik *kerk IN kerkverband* (wat selfs miskien liewer *kerkverband in kerk* moet wees!) begryp, maar nie sonder nadere definisie die begrip *kerk EN kerkverband* nie. Kan ons verder gaan as om kerkverband as 'n wesenseienskap van die ekklesia localis kragtens die ecclesia universalis te beskryf? Kan ek die verhouding van iets tot wesenseienskap beskryf sonder om in dualisme te verval?

2.2 Wat is die verhouding tussen *kerk* en *kerkverband*, wat J. J. v. d. W. deurtrek na „meerdere vergaderings" (p. 24 v.)? Kan dit gebeur sonder om aan die amp van *episkopos* en *presbuteros* in die plaaslike kerk aandag te gee, ja, selfs sonder om aan die verhouding amp en kerkraad aandag te gee? Lê die situasie van amp en kerkraad *in Jerusalem* nie ook wenselik aan die eksegese van Hand. 15 ten grondslag nie — en is *episkopos* of *presbuteros* na die *apostels* nie die oorwegende Skriftuurlike begrip t.o.v. die kerkregering nie? Kortom, het J. J. v. d. W. nie te veel met die „kerk in Jerusalem" (p. 24) geopereer nie en in sy eksegese die ampsomskrewe en opsetlik ampsgedifferensieerde aanwysing van „apostels en ouderlinge in Jerusalem" onderbeklemtoon om tot sy begrip van „sinode" te kom nie? Kan ons sè dat die *apostels* hier die gemeentes verteenwoordig (26) soos ons dit vandag verstaan? Die probleem is dat 'n mens op die wyse kan *inlees* en 'n voorafingenome standpunt bewys

2.3 'n Mens vind derhalwe die uitspraak: „Die Jerusalemse vergadering is 'n sinode waarin ampsdraers as verteenwoordigers van kerke met mekaar na beraadslaging tot 'n bindende besluit geraak" (p. 26). Elders in hierdie uitgawe (oor die wese van die amp) verwys ek na die feit dat die begrip *ampsdraer* (wat in hierdie aanhaling 'n noemer is) 'n baie besondere amp soos dié van *apostel* (vgl. Ef. 2 : 20) gelykelik met *ouderlinge)* nergens in die Skrif voorkom nie. Nogtans het M. Bouwman in sy bekende dissertasie op hierdie begrip sy teorie van selfstandige gesag vir meerdere vergadering teenoor die kerkraad gebou.

2.4 Na my mening het die Nederlandse kerkreg grotendeels verloop in 'n stryd oor kerkvergaderinge, *kerkraad* en 'n sogenaamde paralelle kategorie van *meerdere vergaderings* (wat weer ingedeel word in klassis, part. sinode en sinode, maar met laasgenoemde as eintlike eksponent van meerdere vergadering). Dit lei ook na die betreklik eenvoudige skematisme van *indepentisme* en *kollegialisme* (of *independentisme* en *sinodokrasie* soos dit in Nederland heet) waarmee sogenaamde kerkregtelike afwykinge geklassifiseer word.

Ek glo dat hierdie Nederlandse probleemstelling (van 1886 af) baie eensydig is. Die eintlik kerkregtelike dwaling het op die vlak van die *opsienersamp* (biskop) verloop (vgl. Calvyn, Institusie, t.o.v. die *pousdom)* sodat 'n sinvolle indeling van kerkregtelike dwalinge ook gemaak kan word met die kriteria *ampsoorskatting* (Rome) en

opsienersverwerping (Liberalisme). In die karige aanduidinge van die Skrif oor die *vergaderinge* (kerkraad of meerdere vergadering) vra dit ons ernstige besinning of ons huidige kerkregtelike benadering nie *vergadering-sentries* is nie?

2.5 Hoewel ek op grond van sy prinsipiële uiteensetting oor *ekklesia* (p. 22 v.) nie dink dat J. J. v. d. W. dit so bedoel nie, vra ek tog of hy nie deur kollegialisties-georiënteerde lesers vertolk sal word asof die kerkverband in die meerdere vergadering los van en teenoor die plaaslike kerk staan nie. (Vgl. laaste sin *inleiding*, p. 22 stel kerkverband eintlik met die vergadering in Jerusalem gelyk; die laaste sin, eerste paragraaf onder opskrif p. 24, stel weer dat die kerk van Antiochië „hierin eenheid *met* die universele kerk" soek (ek kursiveer, B.S.). Daarvolgens is daar 'n verband tussen kerkverband, meerdere vergadering of sinode en universele kerk buite die plaaslike kerk van Antiochië). Ek vind die idee dat een kerk met die universele kerk in 'n sinode kontak maak, onaanneemlik, omdat dit impliseer dat die universele kerk geheel of gedeeltelik buite die plaaslike kerk van Antiochië bestaan. Prof. Snyman sê: „Die plaaslike kerk is sonder twyfel die universele kerk ter plaatse ... Dit is om presies dieselfde rede waarom die identiese woord (ecclesia) vir die geheel en vir sy deel gebruik word" en hy laat daarop onmiddellik volg dat die universele kerk aan die plaaslike kerk vooraf gaan (Die Kerkblad 20.7.66, p. 8, vgl. Skrifbewyse).

Ek kan my derhalwe slegs vind in die idee dat die begrip kerkverband inherent in die begrip *kerk* gegee is en verwerp derhalwe enige dualistiese of bipolêre kerkbegrip wat van *kerk* EN *kerkverband* (vgl. Hersiene Kerkorde, Geref. Kerke in Nederland) in die sin van Harnack, H. G. Kleyn of M. Bouwman uitgaan. Ek glo dus ook nie dat „meerdere vergaderings 'n beoefening *van* die kerkverband is" nie (p. 24). Kerkverband is meer as die *regering*. Die regering word kragtens kerkverband (afgesien van *in* die kerk en kerkraad) ook in samekomste van kerke, *in* meerdere vergaderinge beoefen. Dit gaan om die *regering* as *gawe* van God te onderhou en nie om kerkverband ter wille van kerkverband nie.

2.6 Ek sou ook graag die bekende probleemstelling uit die Nederlandse kerkreg oor *die gesag van kerkvergaderinge* wou bevraagteken. Wat beteken die *gesag?* J. J. v. d. W. sluit nog by die ou standpunt aan (laaste vol. par. p. 26) en sny die bekende standpunt wat van die gesag van die kerkraad uitgaan (H. Bouwman, A. Kuyper, e.a.) af — maar maak tegelyk weer 'n stelling waarop *sinodokrasie* al verdedig is). Hoe kan die „gesag van meerdere vergaderings" primêr berus in 'n gebod van God en „oorspronklik deur God gegee" wees (p. 26) en tegelykertyd „die gesag van die Woord ... dieselfde Koninklike gesag van Christus" (p. 30) wees — sonder dat apostoliese hoedanighede aan die meerdere vergadering toegeskryf word?

Ek meen op grond van die belydenis van die Koningskap van Christus (vgl. art. 31, 32 N.G.B.) dat daar nie twee of meer gesags-

bronne of gesagdraers in die kerk mag wees nie. In aansluiting by die Belydenis reël art. 31 K.O. die enigste gesagsbron Die gesag van Christus word regstreeks deur die Woord en Gees — of instrumenteel deur die opsiener-ouderling ampte — bedien. Dit is vir my ewe onaanneemlik om gesag vir meerdere vergaderings uit hulleself op 'n „gebod van God" (J. J. v. d. W., p. 26), of uit saamgebragte mag uit kerkrade (Doleansie-kerkreg), of uit mag uit 'n abstrakte „ampsdraer"-begrip (M. Bouwman) af te lei. Gesag in die kerk (wat die essensiële betref) berus by Christus en aan die uitoefening daarvan moet die amp (ouderling-opsiener), die kerkraad en die meerdere kerkevergadering diensbaar wees „tot opbouing van die liggaam van Christus" (Ef. 4 : 12). Wie diensbaar *(diakonia)* is, besit geen oorspronklike gesag nie.

Slotsom

Sou dit nie sinvol wees om by wyse van definisies duidelikheid te kry oor begrippe soos kerkverband, eenheid van die kerk, gesag in die kerk, ens. nie? Wat beteken prof. W. J. Snyman se studie oor die begrip *ekklesia* nie al vandag nie!